
Neoplatonistiese Eros-spiritualiteit, transmutatiewe wilsmistiek en William Law se Böhmisties-mistieke invloed op Andrew Murray se teologie¹

A.W.G. Raath

Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis

Universiteit van die Vrystaat

<https://orcid.org/0000-0002-1198-5234>

RaathA@ufs.ac.za

Abstract

Neo-Platonic Eros-spirituality, transmutative mysticism of the will and William Law's Boehmist mystical influence on Andrew Murray's theology

Andrew Murray frankly admits that he owed much to William Law. Speaking of Law, he says: "I confess that in all my reading I have never found anyone who has so helped me in understanding the Scripture truth of the work of the Holy Spirit." In Law he discovered a rich store of ideas and in four books he gave extracts from Law's works: Wholly for God, The Divine Indwelling, The Spirit of Love, and Dying to Self. Law's mysticism was not original in a strict sense, but the English interpretations of the works of the German mystic, Jacob Boehme, by Dionysius Andreas Freher. Also the Platonist influence of Anglican mysticism provided a platform for Law's mystical inclinations. The upshot of these influences on Law's spirituality was a mysticism with strong undercurrents of Neo-Platonic mystical spirituality. Law's mystical conceptualisation of the

¹ Hiermee die outeur se erkenning aan dr. H.S. Wolvaardt vir taalkundige ondersteuning by die skryf van die artikel.

soul, desire, the human will, humility, the love of God, and the mystical unification of the human soul with God, contributed largely to Murray's theological views on the universal revelation of love, atonement and the meaning of Christ's suffering. At the centre of Murray's mystical spirituality is the Boehme-Law idea of the great mystery of man's creation with a free will, the renewal of his will in redemption, and that God has made the execution of His will, in many things, dependent on the will of man.

Keywords:

Andrew Murray, Boehme, mysticism, Neo-Platonism, Plotin, William Law.

Trefwoorde:

Andrew Murray, Böhme, mistiek, Neoplatonisme, Plotinus, William Law.

1. Inleiding

Andrew Murray (1828-1917) se biograaf, J.D. Du Plessis, skryf die mistieke invloede wat op Murray se spiritualiteit ingewerk het, hoofsaaklik toe aan William Law (1686-1761) – tendense wat na sy mening kort voor Murray se besoek aan Engeland in 1895 na vore gekom het (Du Plessis, 1920:240). Reeds in Murray se bediening in die vroeë jare van die destydse Oranje-Vrystaat, bespeur J.H. Malan – waarskynlik van gereformeerde oortuiging – egter “innig-piëtistiese geloofsarbeid”, wat hy bestempel as “mistisisme of watter tekortkomings ook” (Malan, 1929:482). Dié skrywer identifiseer invloede van “Eckhart, von Aquino, Tauler, Thomas à Kempis, Jacob Böhme en ander mistici van die 16de en 17de eeu, en later, direk of indirek ...” (Malan, 1929: 501).

Dat Murray se preke soms onverstaanbare mistieke uitdrukings en toespelings vir sy landelike kudde pioniersgelowiges bevat het en waarskynlik sy toehoorders in verwondering (en verwarring) gelaat het, blyk uit Malan se versugtinge dat Murray liefs meer op dievlak van die gemeente te Bloemfontein moes preek: “Wat kan die toehoorder by voorbeeld verstaan het, selfs in 'n eenvoudige omskrywing van die 'idealistiese panteïsmus wat die uiterlike wêreld in die innerlike wêreld in 'n salige aanskouing van God openbaar' ... of 'die wêreld van sinlike verskynings nie die openbaring van die absolute Wêreldwysheid nie?” (Malan, 1929:502).

Wat die mistieke bronne van Murray betref, laat T.C. De Villiers ruimte vir ander mistieke invloede benewens dié van Law, hoewel hy laasgenoemde as die belangrikste bron van Murray se mistiek noem (De Villiers, 1919:23-24). Stephen Hobhouse spoor verskeie temas in Law se mistiek tot die Neoplatonistiese mistiek van Plotinus (c.205-c.270) en Dionisius (sesde eeu) terug. Hy verwys onder andere na die Neoplatonistiese *via negativa* om die onmeetlike grootheid van die Absolute te ervaar (Hobhouse, 1938:286), die gebruik van mistiek-ruimtelike terme soos die volgende om – soos Plotinus en Dionisius – die sentrum van kontak met God te beskryf: essensie (Plotinus), die fondament (Dionisius en Johannes Tauler (c.1300-1361)), of *Urgrund* ((Jacob Böhme (1575-1624)), synde die onwankelbare basis van die vrye wil, die ongedifferensieerde vryheid waarop die natuur van God sowel as mens en alles wat bestaan, gegrondvdes is (Hobhouse, 1938:327), asook die mistieke analogie (*unio mystica*), “the will and its virtues of humility and love, leaving the intellect more in the background” – ’n standpunt wat ook deur Law en Böhme gehuldig is (Hobhouse, 1938:364).

Teen dié agtergrond word die volgende aspekte van Murray se mistiek in hierdie artikel ondersoek:

- Die idee-historiese begronding van die liefdesmistiek in die Neoplatonistiese spiritualiteit wat op Law en Murray ingewerk het;
- Die jukstapositionering van liefde en eiebelang, gevoel en rede en wil en denke in die mistieke invloede wat by Law en Murray figureer, en
- Die transendering van die dialektiese spanning tussen die kontemplatiewe liefdeswil en die begeerte na eie-belang deur die sintetisering van goddelike en menslike liefde by Law en Murray, soos dit ook in die Anglikaanse mistieke spiritualiteit van die 18de en 19de eeu gemanifesteer het, in soverre dit die raamwerk vir ’n omskrywing van Murray se mistieke spiritualiteit bied.

2. Neoplatonistiese *Eros*-spiritualiteit en die dialektiese liefdesbewussyn van die vroeë Middeleeuse mistiek

2.1 Die Neoplatonistiese wortels van die liefdesmistiek

Die Christelike liefdesmistiek vind, volgens Friedrich Heiler, sy oorsprong in die Neoplatonistiese grond van die Hellenistiese denke: “It was indeed the fusion of these two currents, of Biblical Christianity and Hellenism, that created

the incomparable wealth of Christian contemplative piety" (Heiler, 1960:192). Vanaf die tweede eeu n.C. kry die klassieke Grieks-mistieke teologie beslag in die werke van Clement van Alexandrië (c.150-c.215), Origine (185-254) en Dionisius (McGinn, 1991:7-8). Dit bring 'n spirituele wending wat, volgens Philip S. Watson, tot die voortgaande dialektiese spanning tussen twee liefdesparadigmas aanleiding gegee het: Die Platonistiese-Helenistiese begeerte na *Eros* en die Christelike *Agape*-numineutiese liefdesug (Watson, 1953:vii-xvii). Die Platonistiese-Helenistiese *Eros*-motief, wat in jukstaposisie tot die Christelike *Agape*-bewussyn van goddelike liefde staan, is die aptyt, hunkering en begeerte na die hemelse *Eros* ter bevrediging van die spirituele hunger by genieting van die goddelike volmaaktheide; die egosentriese toe-eiening van en eenwording met die goddelike *Eros*, "... (f)or Eros does not seek to be accepted by its object, but to gain possession of it" (Watson, 1953:x).

Pierre A.-J. Festugière beskou die Platonisme van die Patristiese era as grondliggend tot die Christelike mistiek: Wanneer die vroeë Middeleeuwers hul mistiek "bedink", sê Festugière, geskied dit vanuit hul Platonistiese oortuiging dat die mens wesenlik 'n spirituele wese is, dat die menslike siel aan die ewige waarheid van die goddelike deel het en gevvolglik gemeenskap met die goddelike beoefen (Festugière, 1967:5). Die Platonistiese onderbou van die Patristiese mistiek veronderstel die siel se begeerte na eenwording met die Bron, voortgestuur deur *Eros* (Louth, 2008:xiv. Kyk Scruton 2012:113-120). Deur die menslike *nous* hunker die siel na kennis van die goddelike, 'n "ervaring" (sentimentele gevoel), aanraking, intuïtiewe bewussyn; dit streef na eenwording met die goddelike wat deur Plotinus en latere mistici as *noesis* beskryf is – die dieper spirituele bewussyn wat deur die *nous* as orgaan vir mistieke kennis van die Onsienlike opgewek word (Plotinus, 1969:xxv). Die *nous* skep die proses waardeur die siel deur die begerende *Eros* aan die valse werklikheid ontworstel word en groeiende deelname in die Absolute ervaar.

2.2 *Eros*, kontemplasie en die numineuse spirituele bewussyn

Eros staan komplementêr tot die kontemplatiewe geesteshouding – die aanskoue in die Platonistiese kontemplasie behels "an immediate union ... of a mystical order" waarin liefde (*Eros*) en die kontemplatiewe geesteshouding intuïtiewe kontak met die ware Syn bemiddel (Festugière, 1936:22 e.v.). Skoonheid is primêr 'n kognitiewe gegewe. Die Goeie wat deur kontemplasie kognitief beleef word, is terselfdertyd die Skone as doel van *Eros* en wek die vreugdevolle liefde in die siel – 'n bevestiging van die onverbreeklike samehang tussen kennis en liefde.

Die kontemplatiewe liefdesbewussyn figureer sterk in drie Platonistiese dialoë: *Simposium*, *Phaedrus* en die *Staat*.

In *Simposium* (Plato, 1942:192 e.v.), vertolk Sokrates Diotima se onderrig in liefdesaangeleenthede (*to erotica*). Liefde (*Eros*) is 'n mediërende gees (*daimon*) wat die aardse en hemelse verbind. Die minnaar se liefde vir skoonheid is wesenlik 'n begeerte na geluksaligheid (*eudaimonia*) wat spruit uit die besit van ware Skoonheid, die ewebeeld van die Goeie (Plato, 1942:196 e.v.). Die liefde is dus die strewe na onsterflikheid; dit verskaf voortgang aan die strewe na die volmaakte (Plato, 1942:195 e.v.) en dien as skeppende krag van deugdelikheid. Die kontemplatiewe liefdesug ter vereniging met die Absolute, verloop deur verskillende fases, totdat die ware Vorm van die Skone voor die geestesoog opdoem. Dit bring die minnaar van liefde tot kontemplasie van die Goddelike Skone (*to theion kalon*), stel hom in staat om ware deug voort te bring en maak hom sowel die "vriend van god" as onsterflik (Plato, 1942:196 e.v.).

In *Phaedrus* gebruik Plato (c.427-c.347) by monde van Sokrates (469-399 v.C.) 'n dialektiese argument om te bewys dat die siel 'n ongeskape en ewige beginsel van beweging is en dat liefdesvervoering nie die produk van die bose is nie, maar 'n gawe van die gode (Plato, 2023:289 e.v.). Plato se argument behels kortlik dat solank die leidende element in die mens (*nous*) in beheer van die sielskragte is, sal die kultivering van deug die minnaars van die waarheid begelei na die doelwit van ware kontemplasie.

Aan die hand van die allegorie van die grot in sy *Staat* beskryf Plato voorts die kontrasterende werklikhede van die mens se aardse bestaan en dié van die transiente (Plato, 1979:316 e.v.). Sy verduideliking van die allegorie bevestig dat die sielreis na die "intellegibile werklikheid" (*ton noeton topon*) (Plato, 1979:318) die hoogste doelwit van die Idee van die Goeie is. Aanskou van die "goddelike kontemplasies" herinner die minnaar van die transiente aan die moeisame tog na bove (die hemelse) en die neerdaal na benede (die aardse).

2.3 Die Eros-motief en die Alexandryne wêreldbeeld

Die Alexandryne wêreldbeeld inherent tot die Neoplatonisme was die produk van Platonistiese en misterie-vroomheid van die laat-antieke tydperk – 'n sintese wat in die nawerking van die Augustynse en Dionisiëse spiritualiteit rigtinggewend vir die Middeleeuse teologie was (Nygren, 1953:187). By Plotinus verskuif die filosofiese en spirituele fokus vanaf die veelvuldigheid van die empiriese werklikheid na die terugkeer van die siel tot God (Heinemann, 1921:6 e.v., 243 e.v.). Kommunikasie tussen die transiente

en die aardse verloop in twee rigtings: Enersyds, 'n dalende trajek van God na materie; andersyds, 'n stygende trajek van die mens na God.

Onderliggend aan die Alexandryne wêreldkema figureer die Platonistiese leerstuk van die transcendentale bo-aardse goddelike sfeer en die niet-transendentale aardse sfeer van materie. Sowel die stygende as dalende trajekte veronderstel mekaar wedersyds. Vir Plotinus is die prosesse in die kosmos sowel van uitgaande as van terugkerende aard na die Een, die Goddelike. Die idee van *Eros* in die kosmologiese raamwerk van Plotinus volg die opwaartse Platonistiese trajek van die siel na die goddelike. Hoe is dit dat die siel, waarvan die aard hemels en goddelik is, neerdaal na die vreemde en onnatuurlike omgewing van die sintuiglike, vra Plotinus. Kontemplasie stel die siel in staat om die aardse knellinge te transendeer, verklaar hy: "For the more it is focused on this vision [contemplation], the finer and more powerful it is. And receiving from this source, it gives to what comes after it, and just as it illuminates, so, too, is always receiving illumination" (Plotinus, 2018:206 e.v., 145 e.v.). Abnormaliteite in die siel ontstaan wanneer die siel se verbintenis met die goddelike oorsprong verbreek word en dit sy bestemming in die sintuiglike werklikheid vind (Plotinus, 2018:533). Die historiese keerpunt in die wêreldproses vind, volgens Plotinus, plaas wanneer die siel in die sintuiglike vasgevang word met gevolglike oorwaardering van die sintuiglike, asof die sintuiglik waarneembare 'n werklike bestaan van sy eie het ten koste van die waarde van die siel. Die hoogste perfekte eenheid met die Absolute is nie bereikbaar deur dialektiese of diskursieve denke nie, maar slegs deur ekstase by aanskoue van die absolute Skone, wanneer die aanskouer één word met die objek van aanskoue: "Then shall we see Him and see ourselves: ourselves wrought to splendour, brimmed with intellectual light ... having become or rather being God" (Plotinus, 2018:895).

3. Böhme, Freher en die voluntaristiese *Eros*-mistiek

3.1 *Jacob Böhme en die onvoltooide projek van die Protestantse mistiek*

Die Böhmisteske spirituele tradisie reageer op die antieke Platonistiese en Aristoteliese vertrekpunt in die sintuiglike werklikheid, die rol van die menslike *nous* en die gebondenheid van die menslike wil aan die empiries waarneembare werklikheid. Die klassiek Platonistiese en Aristoteliese denke neem as vertrekpunt die sintuiglike werklikheid, deïfisering van die werklikheid van idees en harmonisering van die kennis tot 'n samehangende sisteem (Brinton, 1930:161 e.v.). In die Neoplatonisme kulmineer dit in 'n gevoel van

onwaarneembare en onuitspreekbare waarde. Die Neoplatonistiese etiek ontwikkel nie tot 'n etiek van werksaamheid in die wêreld nie: "It did not develop an ethic operative in this world. It stopped at that dim, but profound apprehension of inner unity and of the ultimate significance of all things which precedes an art of will" (Brinton, 1930:161).

Die wêreld van idees neem 'n tussenposisie in tussen stimulus en respons – dit is 'n onvoltooide respons tot die wêreld. Vir Plato is die respons gestuit by die stadium van die ideële en by die Neoplatoniste by die dieper gevoel. Die Böhmistiese etiek verteenwoordig 'n soeketrek na die voltooiing van die wilsproses deur terugwerping op die Absolute as basis van sy vryheid om te handel en as hoogste waarde van menslike optrede. Hierdie mistieke fase is transrasioneel, omdat die intellek op sigself nie oor die vermoë beskik om ware vryheid of waarde bloot te lê nie. Die ontsnapping van die menslike siel aan die werklikheid van materie was 'n negatiewe element, wat op die latere Christelike spiritualiteit oorgedra is. Die Protestantse spiritualiteit laat, volgens die Böhmistiese tradisie, spesifiek minder ruimte vir die mistiek as die Katolieke (Brinton, 1930:163).

3.2 Böhme, Freher, Law en die terugwerping van die wil op God

Dionisius Andreas Freher (1649-1728) was 'n belangrike katalisator vir Jacob Böhme se denke in die Engelstalige wêreld, asook die oorgangsgfiguur tussen Böhme se mistiek en dié van William Law. Wilhelm Struck bestempel Law as die mees vooraanstaande navolger van Böhme in Engeland (Struck, 1936:240). Freher se opheldering van Böhme se standpunt oor wil en begeerte is van deurslaggewende belang by 'n ondersoek na die ontwikkeling van William Law se Neoplatonistiese mistiek tot 'n meer aktiewe (oftewel praktiese) theologiese etiek (Muses, 1951:115).

Freher aanvaar dat die wil by uitstek potensiële energie is, wat in sy kinetiese vorm as begeerte ontluik; dat dit onderskeidelik as potensiële en kinetiese vorme van bewussyn manifesteer (Muses, 1951:128). Wil in beweging is begeerte; dit is die krag van begeerte en begeerte lei tot die daad (Muses, 1951:128). Die verband tussen wil en begeerte behels vir Freher dat "will is impotent and workless, and, as to our apprehension, nothing without its desire; but its desire is something whereby it worketh" (Muses, 1951:128). Wil is 'n krag wat eers in begeerte tot aksie oorgaan – 'n waarneming wat ook op Böhme se tydbeskouing betrekking het: Die vrye wil is 'n "stille ewigheid" ("stille Ewigkeit").

Deur Freher verstaan ons dus Böhme se opmerkings dat die wil in die begeerte beslote is; dat begeerte iets anders as wil is, omdat die wil sonder

substansie (*Wesen*) is; dat begeerte substansie gee; dat úit die ewige niks álles wat is, te voorskyn kom ((Böhme, II (*Threefold Life*), 1764b:103)). Begeerte is manifestering, terwyl wil bloot potensieel doelstellend is. Om te begeer addisioneel tot die wil wat reg gerig is, is beter as om slegs te wil. Begeerte is nader aan verwesenliking as blote wil. Voorts val die fokus by Böhme nie alleen op die onderdrukking van verkeerde begeertes nie, maar die reoriëntasie op die konstruktiewe uitkomste van die kragte waaruit die begeertes bestaan.

3.3 Die reoriëntasie van die begeertes deur liefde en wilsvryheid

Die sleutel tot die reoriëntasie van begeerte, is 'n verandering vanaf 'n hart van self-beheptheid tot self-ontwikkeling deur die liefdeswil in plaas van self-wil (Muses, 1951:130). Begeertes beweeg die wil om te handel en die wil is die krag in begeerte. Op sy beurt word dit beheers deur hetsy liefde of selfgesentreerdheid. Dit manifesteer in aktiwiteit van verbeelding en geheue en word tot aksie, uitdrukking en manifestasie voortgestu. Goed of kwaad kom in die praktiese optrede van mense na vore hetsy as self-gesentreerde, of as liefdevolle belang. Die mens se wil is vry. Hy kan kies tussen die goeie of die bose om in sy handelinge te manifesteer ((Böhme, IV (*Signature of All Things*), 1781:126)). Sowel Böhme as Freher aanvaar die moontlikheid van keuse as die bolwerk vir alle transformasie van die menslike karakter – sowel positief of degeneratief: “To which the soul's will gives itself, of that it is received, and thereto it is chosen” ((Böhme, IV (*Signature of All Things*), 1781:126)).

Wat behels die keuse van die vrye wil tussen goed en kwaad? Böhme en Freher se standpunt is: Rusteloze selfgesentreerdheid staan direk in teenstelling met die kalmte wat deur die krag van liefde teweeggebring word – selfgesentreerdheid “goeth not forth out of itself toward union with any other thing; that is, it ceaseth or disisteth not from its own attracting and compacting essentially, and therefore it cannot come into union with anything. But that which it is and can and will only be united to, is nothing else but itself.” Teenoor selfgesentreerdheid, gaan die liefdeswil uit homself en verenig met iets anders ((Böhme, IV (*Signature of All Things*), 1781:131)).

Elke handeling verteenwoordig 'n keuse tussen liefde en selfgesentreerdheid van die wil; 'n bevestiging en 'n ontkenning in terme van die twee meester-temas van alle menslike aktiwiteit: 'n Liefdesmotief staan agter elke korrekte gebruik van mag. Boosheid is gevvolglik die misbruik van die vrye wil deur gebrek aan liefde: “There is no need for the word ‘domination’ when referring to the loving will, however. ... Similarly, goodness is the use of the free will

by lovingness, i.e. is a loving will" (Muses, 1951:143). God se liefdeswil tiranniseer nie skepsele se vrye wil nie. Omdat God se aard liefde is, merk Freher op, en omdat 'n ander se liefde en vrywillige trou nie gedwing kan word nie, kan God nie die mens se vrye wil onderwerp nie. Elke mens beskik oor die mag om die bande wat hom vasknel te breek en daardeur sy eie leefwêreld te bevry deur die self-wil vir liefdeswil te verruil: "Let none waite for a golden time, wherein the holy spirit out of or from the outward mouth will cry unto the hardened, into his bestial will ... O no! that is not to be done the time is already come .. let none wait for the outward prophet ... He is already become found and known; whosoever desireth to see him, let him seek in himself, and let Babel go: he will find him" (Muses, 1951:157).

4. William Law, Andrew Murray en die voluntaristiese liefdesmistiek

4.1 *Wil, begeerte en die mistieke setel van die liefdesnumineuse*

Die setel van die transendentale bewussyn wat die mistieke liefdesnumineuse tot openbaring bring, is die menslike siel (of gees), die diepste setel van die menslike persoonlikheidstruktuur: "There is a root or depth in thee from whence all these faculties come forth as lines from a centre, the fund, or bottom, of the soul. This depth is the unity, the Eternity, I had almost said the infinity of thy soul, for it is so infinite that nothing can satisfy it, or give it any rest, but the infinity of God" (Law, 1908:14). Die spirituele versmelting in die Liefde is die kern van Law se voluntaristiese mistiek – die eenwording met die Absolute in die diepste setel van die menslike siel.

Die liefdeswil en self-wil is diametries teenoorstaande grondrigtings van die menslike gees (Law, 1908:158-160). Volgens Law kan die onveranderlike wil van God slegs met die wil van skepsele verenig of meewerk vir sover dit met God se liefdeswil versmelt. Liefde is die God wat alles geskape het – dit is die helderheid, die volkommenheid en seën van alle geskapenes (Law, 1978:360). Alle ydelheid, wraak, lyding en boosheid van die mens is uitsluitlik die effek van die menslike wil wat van God afkeer. Die afgedwaalde wil word weer deur die gees van liefde tot God gekeer: "... Hell and death, curse and misery, can never cease or be removed from the creation till the will of the creature is again as it came from God and is only a spirit of love that willeth nothing but goodness" (Law, 1978:363, 365).

Begeerte is die grondoorsaak in die mens. Wanneer dit dié eenheid en universaliteit van die gees van liefde kwytraak en dit in sy eie wil, eie liefde

en selfsug afgesluit raak, manifesteer dit in uitwaartse kilheid, hardheid en donkerheid. Die uitwaartse rigting van die gees reflekteer die innerlike gees en is die produk daarvan (Law, 1978:471). Die mens beskik oor 'n vrye wil met die mag tot meewerking met, of teenstand van die werking van God in die natuur. Die oorgawe van die wil aan God beleef ewige hemelse vreugde en geluk (Law, 1978:418). Menslike wil afgewend van God word voortgestuurdeur begeerte: "When, therefore, this natural life is deprived of or fallen from God, it can be nothing else in itself but an extremity of want continually desiring, and an extremity of desire continually wanting" (Law, 1978:478). Wilsvereniging met God geskied slegs deur sagmoedigheid, onderwerping, geduld en oorgawe aan God – die verwerping van en afsterwe van die heerskappy van die natuurlike (Law, 1978:496). In Law se *The Spirit of Love* word die werking van begeerte as grondoorsaak van goed en kwaad by monde van Theophilus verduidelik: In die ewige natuur is die begeerte tot die materiële slegs weerstand, woede en donkerheid. God se liefde transformeer wêrelmse begeerte tot eenheid, vreugde en geluk (Law, 1978:483).

Andrew Murray vind selfs sterker aansluiting by Jacob Böhme se oortuigings oor begeerte as dryfkrag van die wil. Volgens hom is begeerte die grootste motiverende krag in die heelal (Murray, 2014:64). God se begeerte om die mens te red, beweeg Hom om sy Seun na die wêreld te stuur. Die enigste weg om gehoorsaamheid van Christus te leer, is die prysgawe van eiewilligheid (Murray, 2004a:64). Die prysgawe van eiewilligheid, vermyding van die begeerlikhede van die vlees, afsien van die tasbare en opwekking van die wil ter nastrewing van God se seëninge is die weg van die gelowige (Murray, 2004b:14). Begeerte, liefde en wil is grondkragte van die siel (of hart). Dit is die wil in beweging, hetsy as liefdeswil of as eie-wil: "In man's nature the heart is the central power. As the heart is so is the man. The desire and the choice, the love and the hatred of the heart prove what a man is already, and decide what he is to become, ... the heart gives the real inward man his character; and 'the hidden man of the heart' is what God looks to. God has given us access to the secret place of His dwelling, to the inner sanctuary of His presence and His heart ... our inner most being must in truth be yielded to Him, true to Him" (Murray, 2014:383). God se lig en vreugde vul die siel by gerigtheid van begeerte en wil op God en die oopstelling van die gemoed: "Let us draw nigh with a true heart longing, ready, utterly given up to desire and receive the blessing" (Murray, 2014:515).

4.2. Die transmutatiewe wilsmistiek by Law en Murray

Sowel die Platoniste van Cambridge as William Law het in die tweede helfte van die 18de eeu Neoplatonistiese invloede ondergaan. By Law dring die

besef deur van die innige verwantskap tussen natuur en gees, die veelheid en die eenheid, die mens en God. Sy spirituele verwantskap met Jacob Böhme lê die klem op God *in* ons, in plaas van wat God *vir* die mens doen: "Christ given for us is neither more nor less than Christ given into us" (Law, 1978:435). Verandering is slegs moontlik binne-in die mens; God is die enkel Oneindige, Onveranderlike, Oorvloeiende Liefde. Wraak van God word afgewend deur die uitwissing van sonde: "(W)hen sin is extinguished in the creature, all the wrath that is between God and the creature is fully atoned" (Law, 1978:430). Daar is slegs één verlossing vir alle mense en die weg self is één, dit is die hunkering van die siel wat tot hom God wend: "(T)his desire ... brings the Soul to God and God into the Soul; it unites with God, it cooperates with God and is one life with God" (Law, 1762:46). Die goddelike vonkie is in elke menslike siel beslote. Law noem dit 'n saad van Christus, wat in 'n staat van ongevoeligheid rus en deur die krag van Christus opgewek word, as parallel met die Platonistiese leer van anamneses (sielsherinnering) in Christelike kleed.

Die Neoplatonistiese voluntarisme is ook in Andrew Murray se mistiek te herken. Afwending van eiewilligheid, self-vernedering, die kontemplatiewe hartsgesteldheid en versmelting in Liefde met Jesus Christus, is by Murray die mistieke gang na vereniging met God. Kontemplasie is die transmutatiewe blik op die Liefde, "the idea of quiet, patient, persevering, concentrated gaze" op Christus en oorgawe aan sy liefdeswil (Murray, 2014:93). Die blik op Christus openbaar aan ons sy liefde en deugde; "... looking to Jesus there we have the inner life of the spirit, a heart always fixed on Jesus in faith and worship, drawing inspiration and strength from His example and His love" (Murray, 2014:507).

4.3 Law, Murray en die Anglikaanse mistiek

4.3.1 Law, Murray en die universele openbaringsidee van die Anglikaanse mistiek

Die Anglikaanse mistiek van die 17de en 18de eeu vertoon 'n Platonisties-wysgerige inslag. Volgens C.F.E. Spurgeon was Neoplatonisme 'n sterk spirituele drywer van die Engelse mistiek (Spurgeon, 1913:16e.v.). Die Christelike geloofsonderstellings van die Anglikaanse mistieke spiritualiteit van die 17de en 18de eeu plaas die klem in Neoplatonistiese trant op die volkome harmoniese verbinding van gees en stof, Skepper en skepping. Dit manifesteer in 'n enkele Mens, as laaste en hoogste van alle skepsele, in een Persoon as voleinding van die geestelike lewe.

Die openbaring van God geskied geleidelik vanaf die anorganiese tot die organiese, van die bloot psigiese tot die suiwer geestelike of pneumatiese. Dit veronderstel 'n intense en enge verbintenis van God met sy skepping en kom volkome tot uitdrukking in Christus. Christus se vleeswording dra nie 'n insidentele karakter, synde uitsluitlik gemotiveer deur die mens se sondigheid of val van die skepping nie, maar is eind- en toppunt van die openbaring van die godheid. Onder leiding van die gees van God, skryf Murray, word die stilte voorberei waarin die goddelike wil geopenbaar word: "Under a sense of the nearness, the soul, feeling how self is always ready to assert itself and intrude even into the holiest of all with its thoughts and efforts, yields itself a quiet act of self-surrender to the teaching and working of the divine Spirit. It is still and waits in holy silence, until all is calm and ready to receive the revelation of the divine will and presence" (Murray, 2004b:132).

Die hoogste openbaringskategorie is nie soteriologies nie, maar kosmologies; nie verlossing nie, maar ontwikkeling, die insluiting van die eersgenoemde deur laasgenoemde. W.J. Aalders beskryf die openbaringsidee ten grondslag van die Anglikaanse mistiek as die trapgewyse openbaring van God: "Het drama der wereld moge tragische momenten bevatten, het is eigenlijk geen tragedie, maar een divina commedia, die van de trapsgewijze openbaring van God in de schepping, de menschheid, den God-mensch" (Aalders, 1928:274). Law beskryf die kosmiese struktuur van openbaring as die aard van dinge wat ook perke aan God se verlossingswerk stel: "A religion that is not founded in nature is all fiction and falsity and as mere a nothing as an idol ... Nor can any fallen creature be raised out of its fallen state, even by the omnipotence of God but according to the nature of things ..." (Law, 1978:451-452).

4.3.2 Law, Murray en die verlossingsleer van die Anglikaanse mistiek

Die Anglikaanse standpunt oor die mens se verlossing wyk in die 17de en 18de eeue af van die Reformatoriese verlossingsleer. Die klem val op die aanvullende, verwesenlikende, formele, ideële, transiente skema, met as inhoud dit wat immanent as sielservaring en lewenskrag tot openbaring kom – soms eties, andersyd solidêr voorgestel. Eersgenoemde verlê die aksent geheel vanaf die objek na die subiek, van God na die mens. Dit val eintlik buite die sfeer van die mistiek. Dit kom neer op dat wat die mens in gesindheid en daad aanvaar en verwerklik van wat as goddelike liefdesgesindheid

bygebring word. In 'n loflied op Jesus se liefde getuig Murray dat, "to have Jesus every day, every hour, and every moment in resurrecting power dwelling in his heart, shining within him, filling him with love and joy – if that is possible, I want it" (Murray, 2003:13).

Die idee van solidariteit verbind die objektiewe en subjektiewe momente van die verlossingsidee. Dit vind hierdie verbinding in die solidariteit wat tussen die verlossende God en die mens wat verlos word, bestaan, dus in die verlossingsdaad van die menswording van Jesus Christus as volkome openbaring en die voortwerking daarvan in die gelowiges. Hier kom dit aan op die *unio mystica*. Hierdie solidariteitsidee, hetsy meer spiritueel of sakramenteel, persoonlik of sedelik opgevat, gee aan die verlossing 'n dinamiese karakter. Dit sou ook as misties beskryf kon word, omdat dit bestaan in die persoonlike en wesenlike verbinding van die God-mens en die mens, die hoof met die liggaam en die lede. Wie, in die gees van Böhme, met Law saamstem dat "Christus gegeven, vóór ons, is niets meer of minder dan Christus gegeven in ons", bedryf, volgens R.W. Inge, in "revolt against the forensic theory of the Atonement". Dit is karakteristiek van die Protestantse en Engelse mistiek van vóór die Reformatie (Inge, 1918:281).

Law se verlossingsleer aanvaar dat daar in elke mens 'n vonkie van die hemel gesetel is. Christus is verborge in elke mens en die mens se sug na die hemel getuig van 'n Hemel verborge in die siel. Hy ontken ook die uitverkiesingsleer en beklemtoon die twee nature van die mens – die aard van Belial én die onverderflike saad; die Immanuel in elke mens: "And all the good or the evil that we bring forth in our lives is from nothing else but from the strife of these two natures within us and their victory over one another. ..." (Law, 1978:465). Kruisigung van die eie-wil, selfliefde en eie-belang, verklaar Murray, is die sleutels tot transformasie van die wil: "The meekness and humility that it was needful God should perfect in Him [Christ] are as needful for us. We must suffer and be crucified and die with Him" (Murray, 2014:73).

4.3.3 *Law, Murray en die idee van die lydende godheid van die Anglikaanse mistiek*

Die eng betrekking tussen God en mens is só heg dat nie alleen die mens bo sy bloot-mens-wees verhef word nie, maar dat God benede sy God-wees neergebuig word. Openbaring is dan nie "enkel van-zich-zelf mededeelen, waarbij het zich-zelf zijn goddelijke quant à moi behoudt, maar zich-zelf-mededeelen, waarbij dit van zijn volkommenheid

... het majestueuze, waarop geen enkele categorie van het geschapen leven", ook van meer of minder, iets inboet (Aalders, 1928:275-276). Die idee van patripassianisme tree na vore by motiewe van inkarnasie en solidariteit deur die lyding van die godheid aan te neem en die lydingsproses as 'n God-proses voor te stel, waar God deur lyding heen worstel. Hy ly met ons en ons ly met Hom.

Die Anglikaanse mistiek is sterk realisties in sy idealisme en Christologies in die sintetiese sin van die woord as uitdrukking van die innige verbinding tussen God en mens. Die goddelike openbaring neig na evolusionêre openbaring en die emanasie-gedagte van die Neoplatonistiese wêreldbeskouing tree op die voorgrond, wat naas die idee van die lydende godheid ook die saad van die beperkte godsbeskouing huisves. Die eng verband tussen God en die mens in die ontplooïnde lyding van Christus beskryf Law as die proses waardeur die vroeë kerkvaders in eenheid met Christus geleef het: "Wonder not that all the true followers of Christ, the saints of every age, have so gloried in the cross of Christ, have imputed such great things to it, have desired nothing so much as to be partakers of it, to live in constant union with it. It is because His sufferings, His death and cross were the fullness of his victory over all the works of the Devil" (Law, 1978:451). By Murray figureer ook elemente van die patripassianisme: Slegs deur lyding, deur kruisiging en dood met Christus, kan ons Christus en sy verlossingswerk onderken: "Christ was made perfect through suffering that He might be a Leader that in conformity to Him, and partaking of His Spirit and likeness, we might find the path to God and to glory" (Murray, 2014:71).

5. Samevatting en gevolgtrekkings

Samevattende gevolgtrekkings vanuit die ter inleidend gestelde oogmerke:

- Die idee-historiese begronding van die liefdesmistiek in die Neoplatonistiese spiritualiteit wat op Law en Murray ingewerk het. Neoplatonistiese invloed in die Engelssprekende wêreld beleef 'n herlewing by die opbloei van die Platonistiese idealisme in die 18de en 19de eeu en in die gepaardgaande Romantieke en Hegeliaanse populariteit in Engeland. Teologiese opvatting van Neoplatonistiese aard is deur die Anglikaanse mistiek versterk en die Duitse mistieke tradisie onder leiding van Jacob Böhme kry toegang tot die Engelse mistieke spiritualiteit deur die popularisering van Böhme se werk deur

Dionisius Andreas Freher en William Law se mistieke werke. Law se mistieke spiritualiteit het meegewerk tot die Neoplatonistiese uitings in Andrew Murray se teologie. Reeds in die vyftigerjare van die 19de eeu, het Murray se prediking trekke van die idealistiese mistiek vertoon. Dit was egter William Law se omarming van, andersyds, Duitse mistieke spiritualiteit wat hy aan Böhme en Freher ontleen het en, andersyds, mistieke elemente wat in die Anglikaanse spiritualiteit na vore gekom het, wat Law en Murray se mistieke geloofsvisies rigtinggewend beïnvloed het. Beide dié bronne is deur die Neoplatonistiese spiritualiteit onderlê.

- Die jukstapositionering van liefde en eiebelang in die mistieke invloede wat by Murray figureer.

Temas van die Neoplatonistiese *via negativa* sowel as die *unio mystica* tree by sowel Law as Murray op die voorgrond. Dit is alles spirituele erfgoed van die Duitse mistiek, naamlik dat die kern van die mens se bestaan die hart is. Die begeerte en keuse, die liefde en haat van die hart toon reeds wát die mens is en wat die mens besluit om te word. Die hart verleen aan die mens sy karakter en die verborge mens van die hart is waarop God let deur ons toegang te verleen tot die verborge tuiste, die innerlike heiligdom van sy teenwoordigheid. Wáre godsdiens is iets van die hart, die innerlike lewe. Dit is slegs deur fokus van die hart op God, die soekende hart na God, dat die mens tot God kan nader.

Die menslike wil is die potensie om eiewillig of liefdevol te handel. Eenvoudige liefde en gehoorsaamheid, oorgawe aan Christus se liefde in die hart, ontsluit die wondere van Christus se liefdevolle inwoning in die menslike siel. God se alomvattende liefde is soekend – soos die moederlike liefde – om die mens van alles wat goed is te voorsien. Die oorgawe van die uitnemende kragte van die hart, liefde, begeerte en die willende en vreugdevolle deelname van die mens se wil aan God se wil, is die weg ter doding van begeertes wat nie in ooreenstemming met God se wil is nie.

Die deurwerking van die Neoplatonistiese Anglikaanse mistiek via Law by Murray het belangrike implikasies vir die kosmologiese openbaringsidee wat op die voorgrond tree, die spirituele betekenis van Christus se lyding op die weg na saligheid en die verlossingsleer wat onderliggend tot die mistieke spiritualiteit van Law en Murray figureer. Die kumulatiewe neerslag van die Duitse en Anglikaanse mistiek in Murray se mistieke spiritualiteit kan beskryf word as die transkonseptuele bewussyn van die wesenlike van die persoonlike gemeenskap met God wat in vitale spiritualiteit teenwoordig is. Dit omsluit die soeke na eenheid van die siel

met God – gawes geskenk aan alle mense uit hoofde van die goddelike vonkie in elke mens wat deur die transmutasie van die wil die gelykenis van Christus in elke siel opwek.

- Die transendering van die dialektiese spanning tussen kontemplatiewe liefdeswil en die begeerte na eie-belang by Murray.

Die voluntaristiese mistiek van Murray wentel om die mistieke aanvaarding van die siel as sentrum van die transkonseptuele liefdesbewussyn, begeerte as kosmiese krag, kruisiging van eiebelang, die mens se vrye wil as platvorm vir keuse tot die goeie, die transmutasie van die wil deur liefdesbegeerte en versmelting van die liefdeswil met die Absolute Wil van God. Jesus openbaar Homself aan die siel en die via negativa word as roete vir die transmutasie van die wil aangedui.

Murray beklemtoon die onderskeid tussen begeerte en verwagting in sy oortuiging dat geen kragtige geloof sonder sterk begeerte moontlik is nie. Dit was God se begeerte om die mens te red; dit het Hom daar toe beweeg om sy Seun tot ons verlossing te stuur. Die krag van die Heilige Gees is die krag van liefde. Om Jesus elke dag, elke uur en elke moment in sy opwekkingskrag in die hart te besit, is 'n liefdesmisterie en beteken dat Jesus wag om in die groothed van sy liefde na die siel te kom. Nederigheid, gehoorsaamheid, mildheid en selfverloëning – dié besef van die niksheid van die mens – open die moontlikheid van die transmutasie van die wil tot liefdeswil (die bruid) wat Jesus (die Bruidegom) ontmoet en as Syne aanneem. Die eenwording van die liefdeswil met die wil van God, in Jesus se lyding, het kosmiese betekenis, omdat dit nie in quiëtisme kan berus nie, maar na ander uitrek. Die vrye wil van die mens is die spirituele grond wat die grootse misterie van die mens as skepsel na vore bring – dat God die uitvoering van sy wil afhanklik gemaak het van die wil van die mens.

Bibliografie

- AALDERS, W.J. 1928. *Mystiek*. Groningen: J.B. Wolters.
- BÖHME, J. 1764a. *Works*. Vol. I: The Aurora; The Three Principles. London: M. Richter.
- BÖHME, J. 1764b. *Works*. Vol. II: Threefold Life of Man; Answers to Forty Questions; Treatise of Incarnation; The Clavis. London: M. Richter.
- BÖHME, J. 1772. *Works*. Vol. III: The Mysterium Magnum; Four Tables of Divine Revelation. London: G. Robinson.

- BÖHME, J. 1781. *Works*. Vol. IV: *Signitura Rerum; Of The Election of Grace; The Way to Christ; A Discourse; The Four Complexions; Christ's Testament*. London: G. Robinson.
- BRINTON, H.H. 1930. *The mystic will, based on a study of the philosophy of Jacob Boehme*. New York: MacMillan Company.
- DE VILLIERS, T.C. 1919. Is Dr. Andrew Murray a Mystic? Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- DU PLESSIS, J.D. 1920. *Het Leven van Andrew Murray*. Kaapstad: Zuid-Afrikaansche Bijbelvereniging.
- FESTUGIÈRE, A.-J. 1936. *Contemplation et vie contemplative selon Platon*. Paris: Vrin.
- HEILER, F. 1960. Contemplation in Christian Mysticism. In: *Spiritual Disciplines: Papers from the Eranos Yearbooks*. New York: Pantheon.
- HEINEMANN, F. 1921. *Plotin, Forschungen über die plotinische Frage, Plotins Entwicklung und sein System*. Leipzig: F. Meiner.
- HOBHOUSE, S. 1938. *Selected Mystical Writings of William Law*. London: C.W. Daniel Company Ltd.
- INGE, W.R. 1918. *The Philosophy of Plotinus*. London: Longmans Green.
- LAW, W. 1762. *Works*. Vol. VII. *Spirit of Prayer*. London: J. Richardson.
- LAW, W. 1908. *Selected Liberal and Mystical Writings*. London: Longmans Green, and Co.
- LAW, W. 1978. *A Serious Call to a Devout and Holy Life; The Spirit of Love*. London: SPCK.
- LOUTH, A. 2008. *The Origins of the Christian Mystical Tradition*. Oxford: University Press.
- MALAN, J.H. 1929. *Die Opkoms van 'n Republiek*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- MCGINN, B. 1991. *The Foundations of Mysticism*. New York: Crossroads.
- MURRAY, A. 2003. *Jesus Himself*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2004a. *Life of Obedience*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2004b. *Abiding in Christ*. Bloomington: Bethany House Publications.
- MURRAY, A. 2014. *Hebrews. The Holiest of All*. Bloomington: Bethany House Publications.

- MUSES, C.A. 1951. Dionysius Andreas Freher: An Inquiry into the Work of a Fundamental Contributor to the Philosophic Tradition of Jacob Boehme. Ongepubliseerde D. Phil.-proefschrift. Columbia University.
- NUSSBAUM, M.C. 1986. *The Fragility of Goodness: Luck and Ethics in Greek Tragedy and Philosophy*. Cambridge: Cambridge University Press.
- NYGREN, A. 1953. *Agape and Eros*. Philadelphia: The Westminster Press.
- PLATO. 1942. Symposium, in: *Five Great Dialogues*. London: D. Van Nostrand Company, Inc., pp. 157-216.
- PLATO. 1979. *The Republic*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- PLATO. 2023. Phaedrus. In: *The Dialogues*. Vol. I. Global Grey ebooks: globalgreyebooks.com/dialogues, pp. 260-317.
- PLOTINUS. 1969. *Enneads*. Vertaal deur S. MacKenna. London: Faber.
- PLOTINUS. 2018. *The Enneads*. Vertaal deur G. Bous-Stones e.a. Cambridge: University Press.
- SCRUTTON, A.P. 2012. Divine eros: a Christian defence of pagan love. *NGTT*, 53: 113-120.
- STRUCK, W. 1936. *Der Einfluss J. Böhmes auf die englische Literatur des 17. Jahrhunderts*. Berlin: Junker & Dünnhaupt.
- SPURGEON, C.F.E. 1913. *Mysticism in English Literature*. Cambridge: University Press.
- WATSON, P.S. 1953. Introduction. In: A. Nygren, *Agape and Eros*. Philadelphia: The Westminster Press.